Sondag, 1 September 2024

**Christus, lig vir elkeen, lig vir die nasies**

*"Terwyl Saulus onderweg was, en naby Damaskus kom, het 'n lig uit die hemel hom skielik omstraal, en hy het op die grond neergeval en 'n stem vir hom hoor sê: 'Saul, Saul, waarom vervolg jy My?' Hy het gevra: 'Wie is U, Here?' En Hy antwoord: 'Ek is Jesus, wat jy vervolg."*
(Handelinge 9:1-19)

Die herhaling van Paulus se bekeringsverhaal in Handelinge, wys duidelik hoe betekenisvol en belangrik dié ervaring was. Paulus se identiteit en rol verander handomkeer in die tweede helfte van Handelinge: van donker na lig. Soos Paulus is ons geroep om te getuig oor Christus se lig in ons. Elkeen met sy/haar eie bekeringsverhaal: in ons huise en werkplekke, maar dit kring baie wyer uit. Nadat Paulus Christus as lewende Woord en Lig ontvang het, verskuif sy fokus van 'n binnekring bediening as een van die twaalf dissipels in Jerusalem, Judea en Samaria, na sy rol om die evangelie baie wyer te neem. Die bepalende faktor in hierdie verstommende uitkring van God se lig is die krag van die Heilige Gees.

Een sleutelteks in die Ou Testament wat ons in gedagte moet hou as ons wil verstaan hoe Paulus se identiteit en rol as apostel in Handelinge uitspeel, is in Jesaja 49:6 waar die profeet Jesaja skryf, *"Ek gee Jou as 'n lig vir die nasies, sodat my heil sal strek tot aan die uiteindes van die aarde."* Die Here sê vir sy teleurgestelde volk in ballingskap: daar's 'n groter roeping. Dis onvoldoende om nét Israel te verlos. Daar is 'n nuwe sending: lig vir *al* die nasies! Hoe het Paulus dié visie van Jesaja verstaan en toegepas? Daar is twee gedeeltes in Handelinge wat vir ons wys watter betekenis hy heg aan Jesaja se visie, naamlik Handelinge 13:44-48 en 26:22-23. In beide gedeeltes haal Paulus uit Jesaja 49 aan. Maar let op: hy maak die roeping wat God honderde jare voor sy tyd gehad het van toepassing op homself en sy mede-Christene.

Baie mense was skepties en vol kritiek teenoor Paulus en Barnabas. Hierdie ervaring van weerstand is iets waarmee ons diep kan identifiseer in Japan. Die evangelie word nie sonder meer net altyd as goeie nuus ontvang nie. Luister saam Sondag en vind uit … hoe Christus die lig word: vir jou en deur jou, én tot aan die uiteindes van die aarde, vir alle nasies.

**Dr. Stephan van der Watt**
**(Missie Japan)**

Hartlik welkom by ons eredienste vanoggend gelei deur dr. Stephan van der Watt en ons orrelis, dr. Johan Cromhout in die kerk; die gesinsdiens in die saal deur ds. Rudolph Grobler van George.
Welkom ook aan alle besoekers en diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel.
Ons nooi almal uit om ná die erediens 'n koppie koffie of tee in die binnehof en iets daarby te ete, te kom geniet – dit is ook ter viering van ds. Jan Lubbe se verjaarsdag eerskomende Woensdag!

## LITURGIE

| | |
|---|---|
| **Toewyding:** | Lied 224 “Kom prys Hom alle volke” (herhaal met Latyn) |
| **Votum en Seëngroet** | |
| **Lof:** | Lied 184:1, 2, 3 en 4 “Lofsing die Here” |
| **Geloofsbelydenis:** | Apostolicum (Afrikaans en Japannees) |
| **Belydenislied:** | Psalm 89:1, 5 “Vir ewig staan u trou” |
| **Gebed** | |
| **Skriflesing:** | Handelinge 9:1-19 |
| **Woordverkondiging** | |
| **Stilgebed** | |
| **Gebedslied:** | Lied 511:1 en 2 “Lei, U ons lig” |
| **Offergawes** | |
| **Slot:** | Lied 488:1,4 en 5 “Helder skyn U lig vir die nasies” |

**Ander Eredienste:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 1 Sept | 18:00 – Ds. Jan Lubbe: *Diens van stilte, Woord en gebed* (Taizé). |
| Donderdag, 5 Sept | 11:00 – Ds. Johan Marais (Siësta-Biduur) |
| Sondag, 8 Sept | 09:30 – Ds. Johan Marais; gesinsdiens in saal – ds. Janke Hurter |
| | 15:00 – Teol. Std. Steve Poapne (Sothodiens) |
| | 18:00 – Me. Jani van Biljon (Preek van die Leek) |
| Sondag, 15 Sept | 09:30 – Ds. Jan Lubbe (Gesamentlik: Lentelofprysing) |
| | 15:00 – Teol. std. Steve Popane (Sothodiens) |
| | 18:00 – “Dr. Bert en Vriende!” Aand van Orrel- & instrumentale musiek en samesang – kom ondersteun ons Orrelfonds (sagte kollekte). |

**MEELEWING EN VOORBIDDING**

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

| | |
|---|---|
| 01 Sept | Maudéne de Jager, Neels de Leeuw, Doreen Meiring, Marcharl Pelser, Anita Swart, Ihann van Jaarsveld en Charné Weyers. |
| 02 Sept | Paula Berry, André Botha, Annelien Diedericks, Charl Marais, Bennie Roets. |
| 03 Sept | Ian Coetzee. |
| 04 Sept | Sarahné Dreyer, Jan Lubbe, Eddie Schutte, Anke Weyers en Lizri Weyers. |
| 05 Sept | Hanlie Matthee, Marilize van Zyl en Elmarie Viljoen. |
| 06 Sept | Angelique du Preez. |
| 07 Sept | Jaco de Jonge, Claudia J v Rensburg, Martie Nel, EJ v/d Berg, Elmien Wium. |

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Oom Kobie Breedt (Bewarea 49, wyk 8c); Tannie Anna v/d Westhuizen (Serenitas 133, wyk 15b); Elmien Thom (Barend Wessels 48, Langenhoven-park); Jorrie Jordaan (Rietpunt 6, wyk 19a); Tannie Barbara Henzen (Serenitas 12, wyk 15a); Oom Hendrik Smith (Striata 35, wyk 13a); Tannie Erna Gouws (Serenicare, wyk 15a) en Tannie Corrie Bezuidenhout (Siësta, Wyk 10).

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**

Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.

Woensdagaand-Bybelstudiegroep (19:00) in die Konsistorie: "*'n Dankbare lewe"* (uit die Heidelbergse Kategismus; oor die 8e woord vir 'n gelukkige lewe – Respek vir lewens-ruimte). Kontak ds. Jan Lubbe (082 784 9362) indien jy wil inskakel.

Woensdagaand 'Lighthouse'-Bybelstudiegroep vir jongmense 19 tot 30: Om in te skakel en vir meer besonderhede, kontak ds. Janke Hurter (078 894 9166).

Donderdagoggend-Bybelstudiegroep (09:00) in Konsistorie: *"In Jesus se voetspore"* (uit die Evangelies). Kontak ds. Johan Marais (084 517 8052) om in te skakel.

## KERKRAADSAKE

Vir Pastorale Sorg:

As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig in tye van swaarkry of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe...

Kontak gerus ds. Johan Marais (084-517-8052) wat ons pastorale werk koördineer of maak 'n afspraak met een van ons leraars.

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:**

In September sorg **Wyke 15** (Serenitas & Gratias) en **16** (Kiepersol Area) vir ons gasvryheid Sondae met tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope Shelter. Indien jy wil help, skakel die Kerkkantoor (073 180 3193). Dankie aan Wyke 14 en 18 vir jul bediening in Augustus!

## BEDIENINGE

**JEUGBEDIENING**

**Bybelvasvra:**

Hartlik geluk aan ons wenners van verlede Sondag se Bybelvasvra! In die Junior Afdeling (Grade 5 tot 7) het die Graad 5's met 15 punte die eerste plek behaal; in die Senior Afdeling (Grade 8 to 11) die Graad 11's met 11 punte – hoop jul melkskommels was lekker!

## EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/projek vir die betrokke Sondag – vanoggend, 1 September: **Dowes en Blindes (TOIBO).** U kan 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per snapscan (hiernaas) na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632 005)**.

SnapScan

## BERG-EN-DAL KERMIS 2024 – VRYDAG, 13 SEPTEMBER




Ons is minder as twee weke weg van Boereplaas! Ons kort egter nog –

**Helpers @ ...**
Potjiekos, Kerrie-en-Rys, Pannekoek, Vleistafel, Lekkergoed en vir die uitpak van boeke en die snuffeltafel; ook beamptes by die Padwedloop...

**Bestanddele vir…**
**Potjiekos** (skaap, groente – aartappels, wortels, butternut, uie, rys, stampmielies)
**Kerrie-en-Rys** (uie, aartappels, wortels, appelkooskonfyt, blatjang, suiker, asyn, sout, peper, klapper, witrys)
**Pannekoek** (meel, suiker, kookolie, kaneel en bakpoeier)
**Poeding** (vla, jellies, gebakte poeding)
**Lekkergoed** (lekkers, skyfies, springmielies)
**Gebak** (nog baie grootkoeke, terte en beskuit benodig – bak, bak, bak asb; as jy 'n koek- of terthouer kort om ín te bak, kom kry by die kerkkantoor!)

**Snuffeltafel:** Enige bruikbare, tweedehandse goed wat in jou pad staan tuis...
**Tuin- en plantetafel:** Bring saailinge, steggies, bolle, enigiets groen en groeiend...
**Boeke:** Enige boeke wat jy klaar gelees het of nog wóu lees…

**Voorafbestelling vir Middagetes:**
Kerrie & Rys, Worsbroodjies, Potjiekos, Pannekoek en Poeding kan vooraf by die Kerkkantoor bestel word, ook vir jou personeel en werksmense – sien die ingeslote vorm vanoggend. Bestellings kan vanaf 12:00 op Vrydag, 13 September afgehaal word.

**Padwedloop en Pretdraf om 18:00**
Inskrywings nou oop by die kerkkantoor of aanlyn; skenkings vir pryse nog benodig!

## NUUS VAN ELDERS

**Siësta Gholfdag!**
Komende **Donderdag, 5 September**, kan jy vroeg (òf later) afslaan by Schoemanpark Gholfbaan ten bate van Siësta Ouetehuis; BBS-formaat & scramble. Inskrywing: R 300 p/p. Kom ondersteun en speel saam; ons het alle bydraes nodig vir herstelwerk by Siësta!